

**Dinsdag 5 Julie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 52:13 – 53:10**

**Fokusgedeelte: Jesaja 53:4**

**Jy is deur die wonde van Jesus van jou sonde-melaatsheid genees**

In Matteus 11:11 sê Jesus van Johannes die Doper dat hy die hoogtepunt is van die Ou Bedeling. Die Nuwe Bedeling van die Koninkryk is egter só ryk dat die kleinste onder ons “groter” is as Johannes! Een van die groot voorregte wat jy as koninkryksburger het, is dat jy deur die perspektiefgewende lens van kruis en opstanding kan terugkyk op die Ou Testament en dat jy die skadu van Jesus op elke bladsy kan raaksien!

In die bekende Messiaanse profesie van Jesaja 52 en 53 gaan dit in die eerste plek oor ’n skildering van die volk Israel wat deur die Babiloniese ballingskap diep verneder en soos ’n melaatse aan eensaamheid en verstoting uitgelewer is. Die ongelowige nasies wat staan en kyk hoe God se “dienaar” in die Babiloniese ballingskap ondergaan en sterf, kan nie glo wat hulle vervolgens aanskou nie. Daar gebeur iets wat nog nooit gebeur het nie: soos ’n plant wat in die droë grond wortel skiet en reguit na bo groei, so staan Israel uit die dood uit op. In God se wonderlike, onbegryplike optrede lei die dood van sy dienaar tot ’n nuwe begin waarin Israel ook vir die nasies ’n seën sal wees!

Wat ’n voorreg om hierdie profesie met Nuwe-Testamentiese insig te lees! Jesus Christus is immers by uitstek die Dienaar wat ons sondes op Hom geneem en ter wille van ons verlossing aan die helse, melaatse eensaamheid van Golgota uitgelewer is. Skrifvervullend het Hy egter ook uit die graf opgestaan met – in sy deurboorde hande – die kwitansie vir jou betaalde skuld. Deur sy wonde is vir jou genesing en ’n plek in die Vaderhuis berei.

Moet nooit ophou om met jou hele lewe dankie te sê vir die voorreg om ’n kind in die huisgesin van jou hemelse Vader te wees nie!

*Sing: Skrifberyming 12-3:1, 2; Skrifberyming 12-5*

*Ds. JJ (Koos) Cloete (Hermanus)*